SAVO • SAELA
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg
South African Education Law Association

GRONDWET VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERENIGING VIR ONDERWYSREG EN – BELEID

Soos gewysig op 8 September 2014.

1 Naam, status, bestuur en waardes

1.1 Daar is ’n vrywillige vereniging sonder winsoogmerk genaamd die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg en -Beleid (hierna “die Vereniging”).
1.2 Die Vereniging is ’n regspersoon en verkry regte en doen verpligtinge en aanspreeklikheid slegs in eie naam op.
1.3 Die bestuur van die Vereniging is, behoudens die bepalings van hierdie Grondwet, gesetel in die uitvoerende komitee en die algemene vergadering waarvoor in hierdie Grondwet voorsiening gemaak word.
1.4 Die Vereniging onderskryf die onderliggende waardes waarop die Republiek gegrond is, spesifiek soos uiteengesit in die Aanhef en artikel 1 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

2 Doel

Die doel van die Vereniging is om in belang van vryheid, billikheid en kwaliteit in onderwys en opleiding in Suid-Afrika –

(a) ’n doeltreffende bydrae te maak tot die studie en ontwikkeling van onderwysreg en onderwysbeleid, insluitende die bevordering van menseregte in onderwys, en
(b) om kennis en begrip van hierdie vakgebiede by belanghebbendes te bevorder.

3 Nastrewing van doel

Die Vereniging kan die doel daarvan op enige wettige en geskikte manier nastreef, insluitende deur –
3.1 die hou van konferensies, simposia, werkswinkels, voordragte, inligtingsessies of soortgelyke geleenthede;

3.2 die bevordering van navorsing (en die publikasie daarvan) en onderrig op die terrein van onderwysreg en -beleid;
3.3 die publikasie van ’n tydskrif, nuusbrief, inligtingstuk of die gebruik van enige ander kommunikasiemedium;
3.4 effektiewe skakeling met Suid-Afrikaanse onderwysowerhede op alle vlakke;
3.5 die bevordering van aktiewe deelname aan, en beïnvloeding van, die openbare debat oor sake rakende onderwysreg en -beleid;
3.6 gepaste samewerking met soveel moontlik Suid-Afrikaanse, buitelandse en internasionale verenigings, instellings of individue wat ’n ooreenkomstige doel nastreef of die bereiking van die Vereniging se doel kan bevorder;
3.7 die aktiewe deelname aan programme om onderwysbenadeelde lede van die gemeenskap te ondersteun.

4 Lidmaatskap

4.1 Die lede van die Vereniging is al die persone wat ingevolge die bepalings van hierdie Grondwet lede geword het.
4.2 Die uitvoerende komitee van die Vereniging besluit oor die toelating van ’n persoon as lid onderworpe aan hierdie Grondwet.
4.3 Elke lid van die Vereniging is verplig om die jaarlikse lidmaatskapgeld soos vasgestel deur die uitvoerende komitee aan die Vereniging te betaal.
4.4 Elke lid van die Vereniging het die regte waarvoor in hierdie Grondwet voorsiening gemaak word en is in die besonder geregtig om die publikasies van die Vereniging te ontvang op sodanige voorwaardes as wat die uitvoerende komitee bepaal.
4.5 Lidmaatskap van die Vereniging eindig –

(a) deur die skriftelike bedanking van ’n lid;
(b) versuim om die lidmaatskapgeld bedoel in artikel 4.3 voor of op die datum wat jaarliks deur die uitvoerende komitee vasgestel word, te betaal; of
(c) deur ’n skriftelike kennisgewing deur die uitvoerende komitee wanneer daar na die oordeel van die komitee redelike gronde bestaan om ’n lid se lidmaatskap te beëindig.

5 Uitvoerende komitee

5.1 Die uitvoerende komitee bestaan uit ’n presidentvisie-president, sekretaris, tesourier en ten minste 3 (drie) maar hoogstens 6 (ses) ander lede van die Vereniging.
5.2 Die uitvoerende komitee word deur ’n algemene vergadering van lede bedoel in artikel 6 verkies. Vir hierdie doel wys die algemene vergadering ’n persoon as tydelike voorsitter aan

wat op die vergadering nominasies vir die onderskeie ampte vra en die verkiesing van die uitvoerende komitee op ’n behoorlike en regverdige manier behartig. ’n Persoon wat op die vergadering ’n meerderheid van stemme van die aanwesige lede ontvang, word as verkose tot die betrokke amp beskou.

5.3 By die verkiesing van ’n uitvoerende komitee moet daarmee rekening gehou word dat die komitee in die algemeen –

(a) die belange van die Vereniging wat betref kundigheid op die terreine van onderwysreg en onderwysbeleid;

(b) die samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking, en

(c) die geografiese verspreiding van lede,

weerspieël.

5.4 Elke lid van die uitvoerende komitee word verkies vir ’n termyn van drie jaar. ’n Lid van die uitvoerende komitee is herkiesbaar, maar die voorsitter is slegs vir een verdere termyn in daardie amp herkiesbaar.

5.5 Lidmaatskap van die uitvoerende komitee eindig –

(a) deur die skriftelike bedanking van ’n lid;

(b) as ’n lid by besluit deur die algemene vergadering uit die amp onthef word; of

(c) as iemand ooreenkomstig artikel 4.5 ophou om ’n lid van die Vereniging te wees.

5.6 Die uitvoerende komitee kan ’n vakature in die komitee tydelik vul. By sy eersvolgende byeenkoms moet die algemene vergadering ’n persoon kies om die vakature vir die onverstreke deel van die voorganger se termyn te vul.

5.7 Die uitvoerende komitee kan enige geskikte persoon as raadgewer of konsultant koöpteer om die uitvoerende komitee behulpsaam te wees, of met die oog op leierskaps- en vaardigheidsontwikkeling.

5.8 Die uitvoerende komitee kan uit eie geledere ’n dagbestuur van hoogstens 4 (vier) persone aanstel om enige handeling te verrig en besluit te neem waartoe die uitvoerende komitee bevoeg is, behoudens die bekragtiging daarvan deur die uitvoerende komitee by die eersvolgende vergadering.

5.9 Die uitvoerende komitee is behoudens hierdie Grondwet die orgaan waardeur die Vereniging na buite optree, regtens ooreenkomste aangaan, regte verwerf en verpligtinge opdoen.

5.10 Die uitvoerende komitee is behoudens hierdie Grondwet bevoeg om enige besluit te neem en handeling te verrig wat ingevolge hierdie Grondwet daaraan opgedra is, of waartoe die uitvoerende komitee deur die algemene vergadering gemagtig is, of wat redelikerwys nodig is vir die bereiking van die doel of die behoorlike funksionering van die Vereniging.

5.11 Die uitvoerende komitee en die dagbestuur vergader so dikwels en volgens ’n werkswyse as wat dit self bepaal. By sodanige vergaderings tree die voorsitter,

ondervoorsitter, of ’n ander lid van die uitvoerende komitee deur die voorsitter, ondervoorsitter of die uitvoerende komitee aangewys, as voorsitter op. Besluite word met ’n meerderheid van stemme van aanwesige lede geneem. Die persoon wat by ’n vergadering voorsit, kan benewens ’n beraadslagende stem, ook ’n beslissende stem uitbring. Geen persoon wat ingevolge artikel 5.7 as raadgewer of konsultant gekoöpteer is, is bevoeg om te stem nie.

5.12 (a) Vyf (5) van die lede daarvan vorm ’n kworum op ’n vergadering van die uitvoerende komitee.

(b) Drie (3) van die lede daarvan vorm ’n kworum op ’n vergadering van die dagbestuur.

5.13 Die uitvoerende komitee mag reëls maak oor enige aangeleentheid wat nodig mag wees om die doel van die Vereniging te bereik, of uitvoering aan hierdie Grondwet te gee, of vir die behoorlike funksionering van die Vereniging. Die reëls mag nie strydig wees met hierdie Grondwet nie en moet deur die algemene vergadering by die eersvolgende vergadering bekragtig, gewysig of afgekeur word.

5.14 Die voorsitter moet namens die uitvoerende komitee jaarliks ’n verslag beskikbaar stel aan alle lede van die Vereniging waarin in redelike besonderhede akkuraat verslag gedoen word oor die voorafgaande jaar se aktiwiteite van die Vereniging, die geldsake van die Vereniging en ook ’n redelike vooruitskouing gebied word.

6 Algemene vergadering

6.1 Die algemene vergadering van die Vereniging, bestaande uit alle persone wat ooreenkomstig artikel 4 lede van die Vereniging is, moet ten minste een maal per jaar op ’n geskikte tyd en plek en na redelike kennisgewing vergader. Die vergadering volg die prosedure wat deur die uitvoerende komitee bepaal word.

6.2 Tydens die vergadering bedoel in artikel 6.1 moet die algemene vergadering –

(a) indien en soos nodig, lede van die uitvoerende komitee verkies;

(b) reëls wat die uitvoerende komitee ingevolge artikel 5.13 gemaak het, bekragtig, wysig of afkeur;

(c) kennis neem van die jaarverslag van die uitvoerende komitee bedoel in artikel 5.14,

en kan die algemene vergadering enige besluit neem of opdrag aan die uitvoerende komitee gee rakende die bereiking van die Vereniging se doel of die effektiewe funksionering van die Vereniging.

6.3 Die voorsitter, ondervoorsitter of ander lid van die uitvoerende komitee deur die voorsitter, ondervoorsitter of die uitvoerende komitee aangewys, tree by enige byeenkoms van die algemene vergadering as voorsitter op, tensy die algemene vergadering ter uitvoering van artikel 5.2 of in die algemeen ’n ander voorsitter uit eie geledere verkies.

6.4 Vyftien persent (15%) van die lede van die Vereniging vorm ’n kworum op ’n byeenkoms van die algemene vergadering.
6.5 Behoudens artikel 8.2, word alle besluite van die algemene vergadering met ’n meerderheid van stemme van aanwesige lede geneem.
6.6 Die uitvoerende komitee kan met redelike kennisgewing ’n byeenkoms van die algemene vergadering belê en moet so ’n vergadering belê op skriftelike versoek van minstens 15 (vyftien) lede van die Vereniging.

7. Finansies en administrasie

7.1 Behoorlike notule moet gehou word van enige vergadering wat ingevolge hierdie Grondwet plaasvind.
7.2 Finansiële state van die aktiwiteite van die Vereniging moet gehou word ooreenkomstig aanvaarbare rekenkundige praktyke. ’n Bankrekening in die naam van die Vereniging moet gehou word waarin alle fondse wat die Vereniging toeval, gestort moet word en waaruit alle betalings in die naam van die Vereniging gemaak moet word.
7.3 Lede van die uitvoerende komitee is verbind tot behoorlike administrasie van die Vereniging se werksaamhede, en mag nie oneerlik of oneties optree of hul posisie misbruik om hulself of iemand anders te verryk of te bevoordeel, of iemand te benadeel nie.

8. Inwerkingtreding, wysiging en ontbinding

8.1 (a) Hierdie Grondwet tree in werking sodra dit deur ’n tweederdemeerderheid van die aanwesige lede by ’n algemene vergadering goedgekeur word.
(b) Ondanks die inwerkingtreding van hierdie Grondwet, maar behoudens artikel 5.5, bly die lede van die uitvoerende komitee in hulle ampte totdat die algemene vergadering ingevolge hierdie Grondwet in 2006 ’n uitvoerende komitee verkies.
8.2 Hierdie Grondwet kan slegs gewysig word indien –

(a) vooraf behoorlik kennis gegee is van die voorgestelde wysiging; en
(b) die wysiging met ’n tweederdemeerderheid van aanwesige lede op ’n byeenkoms van die algemene vergadering goedgekeur word.

8.3 Die Vereniging kom tot ’n einde deur ’n besluit om te ontbind deur die algemene vergadering. Die algemene vergadering kan bepaal wat met die bates van die Vereniging moet gebeur wat mag oorbly nadat alle skulde vereffen is.

SAVO • SAELA
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Onderwysreg
South African Education Law Association

CONSTITUTION OF THE SOUTH AFRICAN ASSOCIATION FOR EDUCATION LAW AND POLICY

As amended on 8 September 2014.

1 Name, status, management and values

1.1 There is a voluntary association without profit namely the South African Association for Education Law and Policy (hereinafter "the Association").
1.2 The Association is a juristic person and acquires rights and incurs duties and liabilities only in its own name.
1.3 The management of the Association is, subject to this Constitution, vested in the executive committee and the general assembly provided for in this Constitution.
1.4 The Association subscribes to the values underlying the Republic, specifically those set out in the Preamble and section 1 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996.

2 Purpose

The purpose of the Association is in the interest of freedom, equity and quality in education in South Africa, to –

(a) make an effective contribution to the study and development of education law and education policy, including the promotion of human rights in education; and
(b) to further knowledge and understanding in these disciplines among stakeholders.

3 Pursuance of purpose

The Association may pursue its purpose in any legal and appropriate manner, including by –
3.1 organising conferences, simposia, workshops, addresses, briefing sessions or similar occasions;
3.2 promoting research (and its publication) and teaching in the field of education law and policy;
3.3 publication of a journal, newsletter, information sheet, or the use of any other communication medium;

3.4 effective liaison with South African education authorities at all levels;
3.5 promotion of active participation in and influencing of the public debate on matters relating to education law and policy;
3.6 appropriate co-operation with as many South African, foreign and international associations, institutions or individuals as possible that pursue a corresponding purpose or can promote the realisation of the Association's purpose;
3.7 active participation in programs to assist educationally disadvantaged members of the community.

4 Membership

4.1 The members of the Association are all the persons who have become members in terms of this Constitution.
4.2 The executive committee of the Association decides on the acceptance of a person as a member, subject to this Constitution.
4.3 Every member of the Association has the duty to pay to the Association the annual membership fee as determined by the executive committee of the Association.
4.4 Every member of the Association has the rights provided for in this Constitution, and is specifically entitled to receive the publications of the Association on such conditions determined by the executive committee.
4.5 Membership of the Association is terminated –

(a) by the written resignation of a member,
(b) failure to pay the membership fee referred to in section 4.3 before or on the date annually determined by the exectutive committee, or
(c) by way of a written notice by the executive committee when in the opinion of the committee reasonable grounds exist to terminate the membership of a member.

5 Executive committee

5.1 The executive committee consists of a president, deputy-president, a secretary, a treasurer, and at least 3 (three) but not more than 6 (six) other members of the Association.
5.2 The executive committee is elected by a general assembly of members referred to in section 6. For this purpose the general assembly designates a person as temporary chairperson who at the meeting calls for nominations for the respective offices and conducts the election of the executive committee in a proper and fair manner. A person who at the meeting receives a majority of votes of the members present is regarded as elected to the relevant office.

5.3 At the election of an executive committee it must be taken into account that the committee broadly reflects –

(a) the interests of the Association in terms of expertise in the fields of education law and education policy;

(b) the composition of the South African population, and

(c) the geographic distribution of members.

5.4 Every member of the executive committee is elected for a term of 3 (three) years. A member of the executive committee may be re-elected, but the chairperson may be re-elected for only one further term in that office.

5.5 Membership of the executive committee is terminated –

(a) by the written resignation of a member;

(b) when a member is removed from office by resolution of the general assembly; or

(c) when somebody ceases in terms of section 4.5 to be a member of the Association.

5.6 The executive committee may fill a vacancy in the committee temporary. At its next meeting the general assembly must elect a person to fill the vacancy for the unexpired portion of the predecessor's term.

5.7 The executive committee may co-opt any suitable person as adviser or consultant to assist the executive committee, or for the purpose of leadership and skills development.

5.8 The executive committee may from among its members appoint a management committee consisting of not more than 4 (four) persons to perform any function and take any decision within the competency of the executive committee, subject to ratification by the executive committee at its next meeting.

5.9 The executive committee is, subject to this Constitution, the organ through which the Association acts to the outside, legally enter into contracts, acquire rights and incur duties.

5.10 The executive committee is, subject to this Constitution, competent to take any decision and perform any function assigned to it in terms of this Constitution, or to which it is authorised by the general assembly, or that is reasonably necessary for the realisation of the purpose or the proper functioning of the Association.

5.11 The executive committee and the management committee meet as often and according to a procedure as it determines itself. At such meetings the chairperson, deputy chairperson, or another member of the executive committee designated by the chairperson, deputy chairperson or the executive committee acts as chairperson. Decisions are taken by a majority of votes of members present. The person who chairs a meeting has a casting vote in addition to a deliberative vote. No person who has been co-opted as an adviser or consultant in terms of section 5.7 is competent to vote.

5.12 (a) Five (5) of its members constitute a quorum at a meeting of the executive committee.

(b) Three (3) of its members constitute a quorum at a meeting of the management committee.

5.13 The executive committee may make rules on any matter that may be necessary to realise the purpose of the Association, or to give effect to this Constitution, or for the proper functioning of the Association. The rules may not be inconsistent with this Constitution and must be ratified, amended or rejected by the general assembly at its next meeting.

5.14 The chairperson, on behalf of the executive committee, must submit a report to all members of the Association annually in which in reasonable particulars an accurate account of the previous year's activities of the Association, the finances of the Association, and a reasonable forecast is given.

6 General assembly

6.1 The general assembly of the Association, consisting of all persons who are members of the Association in terms of section 4, must meet at least annually at a suitable time and place and after reasonable notice. The meeting follows the procedure determined by the executive committee.

6.2 At the meeting referred to in section 6.1, the general assembly must –

(a) if and as necessary, elect members of the executive committee;

(b) ratify, amend or reject rules made by the executive committee in terms of section 5.13;

(c) take note of the annual report of the executive committee referred to in section 5.14,

and the general assembly may take any decision or give any order to the executive committee relating to the realisation of the Association's purpose or the effective functioning of the Association.

6.3 The chairperson, deputy chairperson or other member of the executive committee designated by the chairperson, deputy chairperson or the executive committee acts as chair at any meeting of the general assembly, unless the general assembly, in order to give effect to section 5.2 or in general, elects another chairperson from among its members.

6.4 Fifteen percent (15%) of the members of the Association constitutes a quorum at a meeting of the general assembly.

6.5 Subject to section 8.2, all decisions of the general assembly are taken by a majority of votes of the members present.

6.6 The executive committee may with reasonable notice call a meeting of the general assembly, and must call such a meeting at the written request of at least 15 (fifteen) members of the Association.

7. Finances and administration

7.1 Proper minutes must be kept of any meeting that takes place in terms of this Constitution.
7.2 Financial statements of the activities of the Association must be kept in accordance with accepted accounting practices. A bank account in the name of the Association must be kept in which all money received by the Association must be paid, and from which all payments must be made in the name of the Association.
7.3 Members of the executive committee are committed to the proper administration of the Association's activities, and may not act dishonest or unethical, or abuse their position to enrich or benefit themselves or somebody else, or to disadvantage anybody.

8. Commencement, amendment and dissolution

8.1 (a) This Constitution commences when it is approved by a two thirds majority of the members present at a meeting of the general assembly.
(b) Notwithstanding the commencement of this Constitution, but subject to section 5.5, the members of the executive committee continue in their offices until the general assembly elects an executive committee in terms of this Constitution in 2006.
8.2 This Constitution may be amended only if –

(a) prior notice has properly been given of the proposed amendment; and
(b) the amendment is approved by a two thirds majority of members present at a meeting of the general assembly.

8.3 The Association ceases to exist by a resolution to dissolve taken by the general assembly. The general assembly may determine what happens to the assets of the Association after all debts have been paid.